SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: Jaco Barnard

Universiteit: Universiteit van Pretoria

Meesters: X **Doktoraal:** **Postdok:**

Studierigting: Liturgie, as veld binne die Praktiese Teologie.

Titel van proefskrif of Verhandeling: Liturgie as ontmoetingsruimte. Die erediens as identiteitsvormende en lewensimpakterende ontmoetingsgebeure.

Datum van afhandeling: 31/10/2016 **Uitslag:** 80% (Cum Laude)

Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:

N.v.t.

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Die navorsing wil vanuit ’n studie van liturgie as veld binne die praktiese teologie die rol van ontmoetings binne die erediens en daaglikse kerkwees verken. Die navorsing fokus op drie ontmoetings: Eerstens, die ontmoeting tussen God en mens. Tweedens, ontmoetings met mekaar (waar lidmate deel word van mekaar se stories en lewenswerklikhede). Derdens, ontmoetings met die samelewing (die missionale gerigtheid van ons gemeente wees, waar lidmate in aanraking gebring word met die nood in ’n stukkende wêreld en hulle gestuurdheid daarheen besef).

Die navorsing ondersoek die impak van hierdie ontmoetings op Christelike identiteit en gepaardgaande lewenswyse. Daar gaan vanuit die oortuiging te werk dat liturgie en lewe ten nouste verbonde is en die voorgestelde ontmoetings uiteindelik nie alleen lidmate wil behou nie, maar hulle leefstyl in Suid Afrika wil vorm binne 'n voortgaande oorgangsproses. Dit is vanuit hierdie ontmoetings dat nuwe lewenswerklikhede moontlik word wat ’n impak op die individu, gemeente en samelewing kan maak.

Die studie sluit empiriese navorsing, waar die eredienservarings (ten opsigte van die fokus ontmoetings) van lidmate vanuit ’n gemeente in die noorde van Pretoria, na afloop van die gemeente se primêre erediens en die impak daarvan op hul identiteit en lewe verken gaan word, in. Met hierdie empiriese navorsing as hulpmiddel, gaan die navorsing voortgaan om die belangrikheid van hierdie ontmoetings binne die erediens te verken, met die doel om die lewensimpakterende potensiaal van die erediens en ons daaglikse kerkwees tot sy volle reg te laat kom.

Sleutel begrippe:

Liturgie, erediens, aanbidding, rituele, ruimte en identiteit, ontmoetings.